

Tuinbou - Snoei.

REDES WAAROM GESNOEI WORD:

1. Om ou plante te forseer om nuwe groei te ontwikkel.
2. Om alle ou, dooie, beskadigde en siek hout te verwyder.
3. Om lig en lug toe te laat vir gesonde plante.
4. Om swakpunte uit te skakel wat later skade kan veroorsaak.
5. Om die verlangde grootte, vorm en groeirigting te bepaal.
6. Om die hoeveelheid en gehalte van vrugte en blomme te beheer.

SNOEI VAN VRUGTEBOME:

perskes, appelkose en pruime

Daar is drie fases in die lewe van 'n vrugte boom.

1 ste Fase:

Nadat die boom geplant is moet die stam knie hoogte of 500 mm bo die grond afgesny word. Dit word gedoen om 'n kelkvorm te verkry, en te verseker dat vrugte vanaf kniehoogte gedra word. Wanneer die nuwe sytakke ontwikkel word 4 of 5 leiertakke gekies wat eweredig om die hoofstam versprei is. Daar sal die eerste jaar op die leiertakke gekonsentreer word en enige ander lote wat ontwikkel sal verwyder word om groei tot die hooftakke te beperk. Alle sylote op die leiertakke word voordurend 150 mm - 300 mm vanaf die hoofstam afgesny, sodat dratakke in 'n kolom om die hoofstam vorm. Alle sytakke word teruggesny behalwe die groeipunt.

2 de Fase:

Nadat die raamwerk van die bome gevorm is, word die dratakke om die hoofstam voortdurend teruggesny tot 'n lengte van 300 mm. Alle waterlote wat ontwikkel word afgesny sodat hulle nie die kern of kelk van die boom toegroei nie. Indien dit gebeur sal die dratakke wat dan nie son kry nie verdroog en dood gaan. Vrugte sal dan slegs bo in die punte gevorm word wat son kry. Wanneer die leiertakke of hoofstamme te hoog word, word hulle korter gesny by 'n syloot op die hooftak wat na buite groei. Onthou daar moet altyd 'n groeipunt op die punt van die hooftak wees, wat nie getop word nie.

3 de Fase:

Die boom het nou baie dratakke op die 4 hooftakke ontwikkel. Die dratakke word korter gesny na die hooftakke en uitgedun om minder maar mooier vrugte te verseker. Onthou die wologies is waar blomme en vrugte gaan ontwikkel. Indien hulle almal afgesny word sal daar geen vrugte wees nie. Behou nou die balans tussen gesonde groei en vrugvorming.

ONTHOU DIE VOLGENDE WANNEER U SNOEI

1. Sny alle bome wat geplant word kniehoogte af sodat 'n kelk gevorm word.
2. Moenie kunsmis of mis in die gate gooi nie, want die nuwe wortels wat gevorm word sal brand en die boom laat dood gaan.
3. Leer die verskil tussen blom en blaarogies.
4. Perskebome word nie toegelaat om die eerste twee jaar te veel te dra nie.
5. Die leiertakke moet altyd dominant bly.
6. Maak altyd die binnekant van die boom skoon sodat son kan inkom.
7. Behou genoeg dratakke teen die hoofstam om sonbrand te voorkom.
8. Snoei hard om nuwe groei te bevorder.
9. Snoei lig as die boom wild groei.
10. Breek van die perskes uit as daar te veel is want 'n boom kan net 'n beperkte hoeveelheid mooi groot vrugte dra.
11. Spuit goed met kalkswael nadat gesnoei is. Meng kalkswael 1 deel op 10 dele water.
12. Gebruik altyd skerp snoeigereedskap.

SNOEI VAN ROSE

Rose blom net op nuwe lote wat gevorm moet word, m.a.w. net op nuwe hout. Indien daar te veel ou-hout gelos word sal nie genoeg nuwe lote gevorm word nie. Dit sal veroorsaak dat ou

hout nie met nuwe hout vervang kan word nie. Kies net die dik, sterk jong lote wat verkieslik uit die grond groei en verwyder alle dooie, siek, gebreekte, ou en dun lote. Sny oorblywende drie lote 300 mm tot 500 mm bo die grond af, met 'n snit van 45 grade, 5 mm bokant 'n ogie wat na buitekant sal groei.